


**WATERLOO
SOLAR**



KWARTAAL 3 2021 NUUSBRIEF

JONGES MOEDIG JONGES SE ONTWIKKELING AAN

Ses jongmense het pas 'n aanlynkursus oor die afrigting van tieners voltooi. Die kursus is deur die Mayine-ontwikkelingsinstituut gefasiliteer en vorm deel van Waterloo Solar se jeugontwikkelingsprojek. Die gekwalifiseerde jongmense sal na ses laerskole uitgeplaas word om met groepondersteuning en mentorskap te help.

Die kursus het drie maande geduur, waartydens verskeie interessante onderwerpe behandel is. 'Familiestrukture in Afrika' is een van die onderwerpe wat waarna daar gekyk is. Die impak wat COVID-19 op familiestrukture gehad het is ook behandel.

Die afrigters sal na Colinda Primêr; Floradene Primêr; Moeti Primêr; Mokgosi Primêr; Retlaadira Primêr en Thuto Lesedi uitgeplaas word.



Matlhogonolo Mothusi

Matlhogonolo Mothusi, een van die afrigters, het die volgende oor die kursus te sê gehad: "Die kursus oor die afrigting van tieners het beslis my oë oopgemaak. Ek het nou 'n beter begrip van die dinge wat ek altyd geweet het, maar nie geweet het waar dit vandaan kom nie. Die kursus het my aan die belangrikheid van die gemeenskap herinner en ek glo dit sal my help om 'n gemeenskap te bou wat vry van trauma is."

SMME INCUBATION HUB

Powered by www.gotgame.io



Creating A...to:

TRAINING WORKSHOPS

BUSINESS COACHING

FUNDING SERVICES

ACCREDITED &

ENTERPRISE D

ERSEWARE



SMME INCUBATION HUB

'n Kleinsake ontwikkelingsentrum is op die been gebring om die gemeenskap van Vryburg te ondersteun. Die sentrum help tans ongeveer 120 lede van die gemeenskap met dienste soos die registrasie van nuwe besighede, die verifikasie van nakomingsvereistes en navorsing.

Charles Modise, bestuurder van Waterloo Solar se kleinsakesentrum, verseker dat entrepreneurs die regte advies en ondersteuning ontvang. Hy sien ook na die dag-tot-dag bestuur van die sentrum om.

"My taak is om te verseker dat die sentrum toeganklik is vir plaaslike entrepreneurs en om 'n gemaklike spasie te skep waar entrepreneurs vergaderings kan hou en ander administratiewe dienste kan ontvang." **Charles Modise**

VIRTUELE LOOPBAANKARTERING

'n Virtuele platform moes weens COVID-19 geskep word as plaasvervanger vir die Nzalo-loopbaanuitstalling. Dit het verseker dat Graad 12-leerlinge toegang tot dieselfde hulpbronne en inligting gekry het as by 'n uitstalling.

'n DVD, brosjures, publikasies en ander materiaal van verskeie tersiêre instansies en organisasies is aan elk van die deelnemende skole gestuur. Elke leerling het 'n saggrootte boekie met loopbaaninligting ontvang wat sal help om hulle vir 'n lewe ná skool voor te berei.

Loopbaankonsultante van Nzalo Career Guidance het ook skole besoek om leerlinge met studieaansoeke te help.



"Ek het oor die verskillende soort universiteite geleer en voel dat ek ook heelwat vaardighede bygekry het wat my in staat stel om leiding van my eie lewe te neem. Onderwys maak deure oop en hierdie uitstalling het my laat voel dat ek my drome kan volg," **sê Oratile Lethaku, 'n leerling by Kismet Sekondêr.**



STUDIEBEURSE

Oitsile Mongala is 'n eerstejaargestudent wat aptekerswese aan die Universiteit van die Witwatersrand studeer. Sy is een van drie begunstigdes van Waterloo Solar se studiebeursfonds.

"Hierdie jaar het met die uitdagings van COVID-19 gekom, maar ek is dankbaar vir die ondersteuning wat Waterloo Solar bied. Die bykomende hulp met akkommodasie en handboeke het 'n reuse verskil gemaak en beteken dat ek nou op my studies kan konsentreer en my nie oor ander dinge, soos finansies, hoef te bekommer nie." **Oitsile Mongala**

GEBRUIK DIÉ SES STAPPE OM JOU HANDE TE WAS

Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.



1 Gebruik seep



2 Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers



3 Vryf die punte van die vingers



4 Vryf die gewrigte



5 Spoel jou hande onder die kraan af



6 Droog jou hande deeglik af


BLY VEILIG | #CoronaVirus www.nicd.ac.za www.health.gov.za
Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal: www.sacoronavirus.co.za

GEMEENSKAPSVERGADERINGS

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergaderings in 2021 sal op Waterloo Solar se aanlynplatforms aangekondig word, aangesien geen vergaderings van aangesig tot aangesig tydens die nasionale uitsluiting toegelaat word nie.

KWARTAALLIKSE UITEENSETTING

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Jeug Ontwikkeling
- Welsyn



KONTAK ONS

Kantoorure

09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

Gemeenskap Skakelbeampte

Claire Phutieagae

066 255 5815

claire.phutieagae@eimsafrica.com